



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 14 NOVEMBER 2021

### VYF EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

#### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons land se beskermingsdienste*

#### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

1 Samuel 1:4-20; 1 Samuel 2:1-10

Hebreërs 10:11-14 (15-18), 19-25; Markus 13:1-8

#### SONDAG, 14 NOVEMBER

##### BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE

- 09:00 Oggenddiens in Kerk – Ds Chris Barnardo  
Deuroffer ten bate van: Studente bearbeiding
- 09:00 Kinderkerk Gr 4-6  
Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
- 18:00 Gesinsverreiking: Ken jouself beter  
Gasspreker: Johan Laten gesels oor depressie  
(Sien blokkie elders vir meer besonderhede)

#### MAANDAG, 15 NOVEMBER

- 19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

#### DINSDAG, 16 NOVEMBER

- 09:30 Senior Burger Bybelstudie  
19:00 Kooroefening

#### WOENSDAG, 17 NOVEMBER

- 09:30 Vroue Bybelstudie

### DONDERDAG, 18 NOVEMBER

Kommissie Verslae moet ingehandig word by kerkkantoor

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Sang – Moedergemeente Kerksaal

Sopbeurte: Karien Botha, Wena Janse van Rensburg, Sybil Smit, Dotjie Steyn,  
Elmari Schwenke-Vd Walt, Maranda vd Merwe

### VRYDAG, 19 NOVEMBER

### SATERDAG, 20 NOVEMBER

### SONDAG, 21 NOVEMBER

SES EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD  
POSDAG

09:00 Oggenddiens in Kerk  
Deuroffer ten bate van: VCSV

09:00 Kinderkerk Gr 1-3  
Erediensspan 2 – Lorraine Louw

**Geen** Aanddiens  
18:00 Senior kategese

## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Ds Hannes Burger is tans met Sabbatsverlof. **Kontak die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig.**
3. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 24 November 2021 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 18 November 2021.
4. Proteahoogte Gemeente Kermark: 25 November tot 4 Desember 2021.  
Ma – Vr 10:00 – 19:00 Sa 09:30 – 15:00
5. Indien jy weet van iemand wat 'n dubbelbedbasis kan skenk vir 'n senior egpaar, kontak asb die kerkkantoor.

## GEMEENTENUUS

1. Anneen Serfontein (Zevenwacht Lifestyle Estate) vier die komende week haar 93ste verjaardag. Ons wens haar seën toe.
2. Clariska Kotze het die naweek met Jaco Louw in die huwelik getree. Clariska is die dogter van Johan en Amanda Kotzé (Angelierstraat).
3. Neels Visser (Armani Slot) ondergaan 'n operasie in die komende week.
4. Albie en Helen Lintvelt (Andanté) het die afgelope week hul 60ste huweliksherdenking en Albie se 85ste verjaardag gevier. Helen vier later in die maand haar 85ste verjaardag.
5. Elize Steenkamp (Othello) ondergaan in die komende week 'n operasie.
6. Hester Carstens (Zevenzicht) ondergaan in die komende week mediese toetse.
7. Sarel en Tarina Esterhuysen (Avalon) was slagoffers van 'n plaasaanval. Hulle is ongedeerd alhoewel artikels gesteel is.
8. Hein Smit (Gladiolistraat) se susterskind het in 'n tref-en-trap ongeluk gesterf.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 14/11 Oden Scott, Bianca Vosloo  
15/11 Marilie Tiller, Laurette Brink, Kobus Nel, Alex Abrahams, Vera Lennox, Carien van der Merwe, Deon Lambert, Christie Wilders  
16/11 Karlien Vermaak, Adélia Rossouw, Daniël Brink, Danie Campher, Ilse Rabie, Elmari Schwenke-van der Walt, Elizmarié Saayman  
17/11 Desiré van Wyk, Tronell Lessing, Altus Geyer  
18/11 André Huysamer, Anneen Serfontein  
19/11 Cecile Petzer, Jaco Blomerus, Roezan Lewis, Charlene Botes  
20/11 Lize Viljoen, Dané Wethmar



## EREDIENSTE

In terme van die nuwe vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.

Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 8:55 en sal dus die voorsang en aankondiging insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Tans is daar nog **nie aandedienste nie**, ons sal jul ophoogte hou van enige verandering.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

## GESINSVERRYKING

Verstaan jousef beter

14 November 2021 om 18:00

Sondagaand gaan Johan Laten met ons gesels oor depressie-verwante-aangeleenthede. Johan gaan ons meer vertel oor die simptome, wat om voor uit te kyk en die impak daarvan op die gesinslewe.

Bespreek jou plek by die kerkkantoor.

## VANDAG SE DEUROFFER

### Studentebearbeiding

Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees. Navorsing word ook gedoen oor die veranderende aard van die bediening aan studente en jong volwassenes. Die doel is om die bediening aan te pas en te verbeter.

Jeugkantoor (Maryke Fourie) | 021 808 9050 | [jeug@sun.ac.za](mailto:jeug@sun.ac.za)  
[www.dinkjeug.ngkerk.net](http://www.dinkjeug.ngkerk.net)


## DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

***Alle voorrade is tans baie laag***

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.  
Cedric en Piet



## JAN KRIELSKOOL

Jan Kriel Liggieboom vind plaas op 4 Desember 2021 om 19:00

Optrede deur Sunset Sweatshop

Kaartjies beskikbaar by Quicket of Jan Kriel Instituut

Volwassenes: R80      Kinders: R20

## **DE EIKE GAAN BASAAR HOU !!!**

Ja, jy het reg ge lees – De Eike gaan op Saterdag 4 Desember 2021 'n basaar hou. Dit gaan wel 'n “mini-basaar” wees, maar dit belooft steeds lekker te wees.

Die F, J, K en Othello Aftree-oord blokke reël dié mini-basaar. Daar gaan gefokus word op POEDING, KLEIN KOEKIES en BESKUIT.

Kom maak dus daardie oggend jou koekblikke vol vir die vakansie by die see.

Elmarie en haar span gaan ook vir ons WORSJORSIES maak – altyd 'n treffer by enige basaar.

Verder gaan daar ook VETKOEKE wees. Slegs gewone vetkoeke sonder vulsel. Ideaal om 'n goeie voorraad daarvan te koop en te vries vir die vakansie as jy lus is vir iets om aan te smul.

Almal word nou al uitgenooi om die oggend van 4 Desember om 9:00 hierdie blokke se fondsinsamelingspoging te kom ondersteun.

## **TIENDE MAAND DANKOFFER**

Baie dankie aan almal wat reeds hul dankoffer gebring het.

Die bedrag van R249 850 is reeds ontvang.

Verlede jaar het ons R278 855 ingesamel. Ons doelwit vanjaar is R300 000.

Lidmate kan steeds enige Sondag die koevert in die bordjie plaas of per EFT of Snapscan hul bydrae gee.

## **HUIS DE KUILEN**

Huis de Kuilen Kersmark  
27 November 2021  
09:00 tot 11:00

Heerlike Hamburgers & Samoesas  
Koue Koeldrank & Smoothies  
Kleurvolle poeding & Groot koeke  
Naaldwerk & Pragtige geskenke  
Lewendige musiek deur Jurie van Zyl

Vir meer inligting: 021 903 7055

***De Eike Gemeente is verantwoordelik vir die Groot Koektafel.  
Vir enige skenkings kontak vir Daphne Jordaan op 0828281252***

## NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

	Augustus 2021	September 2021	Oktober 2021
Totale inkomste	301 563	294 300	713 791
Totale uitgawes	286 920	280 147	441 066
Surplus / (Tekort)	14 643	14 153	272 725

Oktober se inkomste uit normale dankoffers was die laagste sedert April vanjaar, en heelwat onder die maandelikse gemiddeld. Ons is egter baie dankbaar vir die Tiendemaanddankoffers wat intussen tot R249 580 aangegroei het. Tiendemaandbydraes kan nogsteeds gemaak word.

Die Wynveiling wat ook gedurende Oktober gehou is, was natuurlik die groot oorsaak van die groter maandelikse uitgawe-syfer. Die netto inkomste uit die Wynveiling was R211 037.



## AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK

**Borg 'n  
hawelose!**

Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daaglik afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

### LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys	2,5kg Suiker	1 pak macaroni	1 pak soup mix	500g koffie
1kg mieliemeel	450g weetbix	1 pakkie(25) teesakkies	500ml olie	1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup	2 blikkies bullibeef	sout	2 blikkies sardientjies	2 blikkies gemengde groente
2 blikkies baked beans	1 pakkie koekies	1 groot pak chips	1kg koekmeel	
5 pakkies 2min noodles	1 bottel aanmaak koeldrank	2 boksies soya mince	1kg waspoeier	

Ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen 'n kind kan borg om 'n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!



# PREEKSKETS

## TEMA - MAAK DIE DEURE WAWYD OOP

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Openbaring 3:20 & Galasiërs 5:13-26

1. Hoor jy die klop aan die deur? Jesus is nie in die vertrek waar sy gemeente bymekaar is nie, maar Hy staan buite, voor 'n toe deur! Daarom is die regte plek om te begin om Jesus se klop en veral sy stem te hoor, die deur oop te maak en Hom in te nooi – dalk weer in te nooi, of Hom dalk vir die eerste keer regtig in te nooi! As ons vir Jesus helder sien, sal louheid verdwyn en sal ons 'n gemeente wees wat onself met liefde, vreugde en vrede gee vir die koninkryk van God.

2. Liefde. Om 'n geesgevulde lewe te kan lei begin met die liefde. Liefde is die sleutel. Alles begin by die liefde. Onvoorwaardelike liefde. Daardie liefde wat die kerk dryf of beter gestel, inspireer om te doen. Daardie liefde wat ons van die Here ervaar deur Jesus Christus.

3. Vreugde. Ons kan nie anders nie. Ons leef uit dankbaarheid vir ons verlossing. Vriende, hierdie dankbaarheid oor ons verlossing wek 'n gevoel van vreugde op in my. Ons uitsiglose bestaan is mee klaar gespeel. Ons vreugde kan nie gedemp word deur die voortgaande stryd teen die bose nie. Jesus draai nie om by dooiemansdeur nie. Daardie oop deur sê dat daar fees gevier word. En 'n fees veronderstel vreugde. Is jy oorstelp van vreugde? Want as jy oorstelp is van vreugde sal jy SY vrede beleef.

4. Vrede. Wanneer ek onvoorwaardelike liefde en vreugde beleef daal daar 'n vrede oor my heen. Daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan. Vriende hierdie vrede is 'n gawe van die Here. Vrede wat die basis vorm tussen mense onderling. Maar meer nog, dit gee aan ons gemoedsrus en stille vertrouwe. Die Here sal voorsien.

5. Slot. Liefde, vreugde en vrede. Geniet die feesmaal saam met Jesus en dra die vrugte van die Gees.